

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 9: *Vayeshev* – En Hy Het Gewoon

Ya'akov het gebly in die land waar sy vader 'n besoeker was, in die land Kena'an. Gen. 37:1¹

Torah : Gen. 37:1 tot 40:23

Haftorah: Amos 2:6-3:8.

Nuwe Verbond: Hand. 7:9 tot 16; Matt. 22:37 tot 40; Joh. 13:34

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Die Twee Verbonde: Deel 3.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 9 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Prosperity cannot be proof of God's favour, for it is what the devil promises to those who worship him – John Piper.

Seek joy in what you give, not in what you get – K. Packouz.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing was een van die hoogtepunte Jakob se deurnag worsteling met 'n Man – 'n naamsveranderende ontmoeting met יהוה! Jakob sou voortaan Yisra'el genoem word! Jakob se twaalf seuns en hulle nageslag sou voortaan as יהוה se volk, Yisra'el, bekend staan.

Yisra'el beteken “hulle oor wie Hy heers”, en is saamgestel uit *Yisra'* wat beteken: “hy sal heers” en uit *El* wat beteken: “Magtige God”.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Die volk Yisra'el sal dus ook ewiglik hulle wees waaroor יהוה heers – Sy uitverkore volk!

Maar Yisra'el is nie net die naam van יהוה se volk nie, maar ook die naam van יהוה se Koninkryk. יהוה sal oor Yisra'el regeer – oor Sy volk en oor Sy Koninkryk vir ewig!

Elke gelowige in Yeshua word deel van יהוה se volk, naamlik Yisra'el, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer 'n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Die Gesalfde Een (Gal. 3:28). Ons is almal die kinders van Abraham wat deur vertroue in Yeshua as Die Gesalfde die kinders van יהוה, naamlik Sy volk Yisra'el geword het.

יהוה heers oor elkeen wat vertroue het in Yeshua as Die Gesalfde Een, want dit is wie Sy volk Yisra'el is en dit sluit Jode en nie-Jode in! יהוה se Koninkryk is huidiglik 'n hemelse Koninkryk met Yeshua as Ewige Koning en Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek, met ons as gelowiges in Yeshua die Koninklike priesterdom. Hierdie Koninkryk sal aan die einde van die eeue fisies hier op aarde gevestig word.

Ons leef volgens die belofte in Matt. 6:31-33.

31 Julle moet daarom nie bekommerd wees en vra: 'Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie,'

32 want dit is die ander nasies wat konsentreer op al hierdie dinge. Julle hemelse Vader weet dat julle ook al hierdie dinge nodig het,

33 maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word.

Tot op hede was die fokus van die Torahskriflesings hoofsaaklik op die individuele lewe van ons voorvaders, naamlik van Adam, Noag, Abraham, Isak en Jakob. Dit is veral die lewe van Abraham wat 'n sleutelrol speel in יהוה se Raadsplan om alles uiteindelik te herstel soos dit aan die begin voor die sondeval was.

Hierdie week verskuif die fokus egter na die leiers van die twaalf stamme, naamlik die seuns van Jakob, en die begin van die volk Israel wat uiteindelik יהוה se koninklike priesterdom sal word!! Ook in die verband speel Josef 'n sleutelrol as heenwysing na Yeshua om elkeen te voed wat vasgevang is in 'n geestelike hongersnood!

In hierdie week se Torahskriflesing maak ons nader kennis met Josef wat, ten spyte van teenspoed, geleef het op 'n wyse dat almal kon sien dat יהוה met hom was!! יהוה het by Josef in Egipte Sy woning gemaak! Wat 'n getuienis en voorbeeld vir ons!!

Dit moet ons herinner aan Yeshua se belofte in Joh. 14:23.

Yeshua antwoord en sê vir hom: "As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.

Indien יהוה Yeshua by jou en my kom blyplek maak, sal Satan en sy bose magte vlug!! Maar dit vereis om uit liefde Yeshua se boodskap te gehoorsaam!

Jakob het Gewoon

Die gedagte vervat in die openingswoorde van hierdie week se Torahskriflesing (*Vayeshev*), naamlik: *Jakob het gewoon*, is dat hy, na alles wat met hom gebeur het sedert hy die eersgeboreneg by Esau vir 'n maaltyd van lensiesop geruil het, nou uiteindelik tot rus kon kom in die Beloofde Land, Kanaän! Jakob kon hom en sy geliefdes nou vestig in die land wat

יהוה aan Abraham, Isak en aan hom, deur ‘n verbond belowe het. Maar hierdie vestiging en woon in die Beloofde Land sou egter van korte duur wees, want יהוה het ook aan Abraham gesê:

¹³ יהוה sê vir Avram: “Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ’n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank,

¹⁴ maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings. Gen. 15:13.

Hierdie Torahskriflesing is die begin van die geskiedenis wat gaan eindig waar Jakob en sy nageslag hulle in Egipte gaan vestig – ‘tydelik’ vir sowat 430 jaar (Ex. 12:40)².

Josef ‘n Sinnebeeld van Yeshua

Josef is die sleutel wat hierdie “drama” gaan oopsluit. Hy gaan die sleutelrol vervul in יהוה se uiteindelijke vervulling van die belofte van die Beloofde Land en hy is die sinnebeeld van Yeshua wat die sleutelrol speel in יהוה se plan van versoening tussen God en die mensdom en die uiteindelik herstel van Yisra’el! Daarom is Yeshua ook bekend as Messias (Yeshua) ben Yosef, naamlik Messias die Seun van Josef – Die Gesalfde Een wat gekom het om te dien en nie gedien te word nie (Matt. 20:28), asook die Manna (Brood) uit die hemel om die wat geestelike honger is, te voed (Joh. 6:31-32 en 35).

Die geskiedenis van Josef bied baie lewenslesse en toepassings, maar dit bevat ook ‘n profetiese sinnebeeld (heenwysing, skadubeeld) van Yeshua, Die Gesalfde Een. Daarom is daar talle ooreenkomste tussen Josef en Yeshua, soos ondermeer die volgende:

Ooreenkoms	Josef	Yeshua
Beide eersgeborenes.	Sy (Rachel) het hom Yosef genoem.. Gen. 30:24	...en hy (Yosef) het Hom Yeshua genoem. Matt. 1:25
Geliefde van sy vader.	Yisra’el het Yosef meer liefgehad as al sy seuns. Gen. 37:3	“Let op, dit is My Seun, Wie Ek liefhet, in Wie Ek verheug is.” Matt. 3:17
Was afgunstig op hom en hom sonder rede gehaat.	...het hulle hom gehaat en kon nie vredevol en vriendelik met hom praat nie. Gen. 37:4	Want Pilatos het geweet dat die leierpriesters Hom uit afguns oorgelewer het. Mark. 15:10.
Is deur sy vader na sy broers gestuur	Gaan asseblief en kyk of dit goed gaan met jou broers. Gen. 37:14	Ek sal my seun stuur vir wie ek lief is. Luk. 20:13
Sal eendag heers	...terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig. Gen. 37:7	..sal julle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van Krag... Matt. 26:64

² Hoe lank het Yisra’el in Egipte gebly? Die volgende video verduidelik dat dit nie 430 jaar was soos Ex. 12:40 vertaal word. <https://www.youtube.com/watch?v=FFOF8YjT1og>

Sy kleed geneem	hulle Yosef se kleed uitgetrek het; die lang kleed met lang moue wat hy aangehad het. Gen. 37:23	...trek Sy klere uit en gooi 'n skarlaken rooi mantel om Hom. Matt. 27:28
Het 'n dienskneg geword	Yosef is afgebring na Mitzrayim... en hy het in die huis van sy meester, die Mitzrayiet, gebly. Gen. 39:1 en 2	maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het. Fil. 2:7
Beide was versoek, maar het nie gesondig nie	hoe kan ek hierdie groot boosheid doen en sondig teen God?" Gen. 39:9.	Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Heb. 4:15.
Sy eie broers het hom nie herken nie	Yosef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie. Gen. 42:7	Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie, Joh. 1:11

So is daar bykans 100 ooreenkomste tussen Josef en Yeshua! Maar die meerderheid Fariseërs en skrifgeleerdes het Yeshua nie herken as Messias die Seun van Josef nie. Hulle het nie Die Gesalfde Een van wie Moses geskryf het herken nie (Joh. 5:46)!

Maar die belangrikste van die geskiedenis van Josef is die feit dat dit 'n sinnebeeld is van die huis van Juda wat voor die huis van Josef (Efraim) sal buig in erkenning dat Yeshua wel Die Gesalfde Een is wat gekom het om 'n folterdood te sterf vir die sondes van die hele Yisra'el.

5 Yosef het ook 'n droom gehad wat hy vir sy broers vertel het en hulle het hom nog meer gehaat.

6 Hy het vir hulle gesê: "Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het.

7 Let op, ons was besig om gerwe te bind op die land toe my gerf meteens opstaan en regop bly staan terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig."

8 Sy broers sê vir hom: "Sal jy miskien koning wees oor ons? Of sal jy miskien oor ons heers?" Hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde. Gen. 37:5 tot 8.

Ons weet dat Josef se droom waar geword het en dat Josef se broers (die latere huis van Juda) voor hom in Egipte gebuig het! Hierdie geskiedenis is profeties van toekomstige gebeure wat weer herhaal sal word.

Die geskiedenis van Josef en sy broers is daarom 'n sinnebeeld dat dit die huis van Juda is wat uiteindelik voor die huis van Josef (Efraim/Israel) sal buig en nie andersom nie. Dit is Juda wat Josef verkoop het en so ook het die huis van Juda vir Yeshua 'verkoop' toe hulle Hom as die Lam van God verwerp het. Juda en sy broers het sy vader Jakob se geliefde seun Josef verwerp en so het Rabbynse Judaïsme ook יהוה se geliefde Seun verwerp.

Dit is die huis van Efraim (Josef) wat die huis van Juda ten opsigte van Yeshua Die Gesalfde van God en eindtydprofesie moet leer! Dit was Josef wat die waarheid aan sy broers openbaar het!

Josef is 'n sinnebeeld van Yeshua en daarom sal die huis van Juda in die einde van dae voor die Koning van alle konings buig in erkenning dat Yeshua Die Gesalfde Een is wat hulle voorgeslagte verwerp het!

Op Sy klere, oor Sy heup, is die Naam geskryf: die Koning van die konings en die Meester van die meesters. Open. 19:16.

Josef se broers het hom aanvanklik nie herken nie, want hy het anders gelyk en het 'n ander naam gehad. In Gen. 41:45 lees ons – *Farao het Yosef Tzafnat-Pa'neag genoem*. Selfs hierdie Egiptiese naam is 'n heenwysing na Yeshua, want die naam volgens Brown-Driver-Briggs se Hebrew Definitions (H6847) beteken: “treasury of the glorious rest” (skatkamer van glorieryke rus). Yeshua is daardie skatkamer van ewige en glorieryke rus waarna die skrywer van die brief aan die Hebreërs verwys.

⁹ So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou,
¹⁰ want wie ook al in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke net soos God van Syne.

¹¹ Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in dié rus sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie. Heb. 4:9-11.

Hierdie geskiedenis van Josef is in ons tyd besig om herhaal te word. Die hedendaagse Josefs is diegene wat die misleiding van die Christendom verlaat het en hulself aan die huis van Juda bekend maak deur die ware Name, die Shabbat, die feestye en die Torah van יהוה soos dit in Yeshua vervul is.

Soos Josef van ouds kan die hedendaagse Josefs die Brood van die Lewe aan die huis van Juda aanbied wat tans 'n geestelike hongersnood het.

Yeshua sê vir hulle: “ אֲנִי אֵלֶּיךָ - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid. Joh. 6:35.

Dit is Josef wat die waarheid van Yeshua Die Gesalfde Een aan sy broers bekend moet maak! En wat die huis van Juda op die wyse jaloers moet maak, tot hulle redding (Rom. 11:11-14).

Bepeins of Bespreek

1. Dit is die algemene siening van die Messiaanse Beweging dat dit die huis van Efram (Josef) is wat by die huis van Juda (Rabbynse Judaïsme) moet gaan leer. Hoewel daar waarhede oor Torah (die eerste vyfboeke van Moses) is wat ons by hulle kan leer, asook sekere gebruike, moet ons onthou dat hulle nie die geheelprentjie van יהוה se Raadsplan sien nie! Dan moet ons ook onthou dat Yeshua Sy volgelingen gewaarsku het teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 6:12)! En ook met goeie rede, want Rabbynse Judaïsme is ook, soos die Christendom, met misleiding besoedel! Die vraag is dus: Voor wie buig jy en by wie se voete sit jy om te leer van יהוה Yeshua? Wie is jou Rabbi – jou Leermeester? Hierdie word meer volledig bespreek in die artikel “Wie Is Jou Rabbi” wat afgelaai kan word by: [Okt15Leermeester](#).

Haftorah Bespreking

Amos 2:6 tot 3:7 – Naasteliefde

Volgens Amos 2:6 is die verband tussen hierdie week se Torah- en Haftorahskriflesing duidelik.

So sê יהוה: “Oor drie oortredinge van Yisra’el, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die onpartydige en opregte vir silwer verkoop het en die behoefte vir ‘n paar sandale.

Josef is deur sy broers onregverdig en liefdeloos behandel en is vir geld aan die Medianitiese handelaars verkoop (Gen. 37:28). Met dit in gedagte is die profeet Amos na die Noordelike Koninkryk, naamlik die huis van Efraim (Josef of Israel) gestuur met die aanklag dat hulle onregverdig en liefdeloos teenoor hulle naaste optree.

Gedurende die profetiese bediening van Amos het die Noordelike Koninkryk polities, ekonomies en geestelik veilig gevoel. Amos waarku hulle egter dat hierdie ‘n valse gerustheid is wat spoedig tot einde sal kom! Hulle selfversekerde eie-geregtigheid sal gestraf word! Die oortreding van die gebod van naasteliefde was die aanklag teen hulle!

Deur Amos sê יהוה vir Israel dat Hy ten opsigte van drie oortredinge met hulle geduldig kan wees, maar dat die vierde onmiddellike strafgerigte regverdig! Wat is die drie oortredinge waarna verwys word?

Volgens Hebreuse denke is dit die sondes van afgodery, bloedskanie en moord. Vir hierdie oortredinge gun יהוה die oortreder tyd om tot inkeer te kom en om vergifnis te vra. Maar die onregverdige, liefdelose en onsensitiewe behandeling van medemens, asook die gepaardgaande uitbuiting van die armes en weerloses, is ‘n groter gruwel as die eerste drie. Hiermee het יהוה geen geduld nie!

Nou kan ons wel die vraag vra: Hoekom beskou יהוה die onregverdige en liefdelose behandeling van ons naaste as ‘n ‘*ernstiger*’ oortreding as die sonde van afgodery, bloedskanie en moord? Die antwoord is te vinde in die woorde van Yeshua oor liefde vir יהוה en naasteliefde:

37 “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip.

38 Dit is die eerste en grootste opdrag

39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself.

40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.” Matt. 22:37 tot 40.

Yeshua verduidelik naasteliefde verder toe Hy gesê het:

34 ‘n Nuwe opdrag gee Ek vir julle: dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê.

35 Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolginge is, as julle liefde vir mekaar het.” Joh. 13:34-35.

Hiermee het Yeshua nie bedoel dat naasteliefde nuut is soos iets wat nie voorheen bestaan het nie, maar dat dit ‘n nuwe openbaring van naasteliefde is. Hy het ‘n meer breedvoerige verduidelik en definisie van naasteliefde gegee, naamlik om ons naaste lief te hê op die wyse wat Hy ons liefhet! Dit is die toets van naasteliefde, naamlik: Het ek my medemens op dieselfde wyse lief as wat יהוה Yeshua my liefhet?

Liefde vir יהוה is die grootste gebod en liefde vir naaste kan daarmee gelykgestel word. Oortreding van die gebod van naasteliefde is dus gelykstaande aan die ‘*grootste*’ oortreding!

Dit kan ook soos volg verduidelik word: Die gebod van liefde vir יהוה en liefde vir medemens is soos 'n gordynstok en die Torah en die profete is die gordyne. Die gordyne van Torah en van die profete hang dus aan die gordynstok van liefde vir יהוה en liefde vir medemens. Oortreding van die gebod van liefde vir יהוה en medemens is vergelykbaar met 'n gebreekte gordynstok – daar is niks waaraan die *gordyne* van Torah en die profete kan hang nie. Daarom kan die doel van die Torah en die profete nie in die lewe van die oortreder van die liefdesgebod vervul word nie!! So 'n persoon is in geestelike duisternis!

⁹ Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis.

¹⁰ Wie sy broer voortdurend lief het, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie,

¹¹ maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë blind gemaak het. 1 Joh. 2:9 tot 11.

Die Huis van Efraim (Josef) van ouds was in geestelike duisternis, want hulle het die grootste gebod – die gebod van naasteliefde – oortree en יהוה kon nie anders as om hulle te oordeel nie.

Bepeins of Bespreek

1. Wat is makliker? Om יהוה lief te hê of jou medemens? Onthou: Ware liefde is om lief te hê sonder om iets terug te verwag. Is dit hoe jy jou naaste liefhet?
2. Is dit maklik om jou naaste lief te hê wanneer jy bedreig voel deur sy optrede en mag? Het Josef se broers nie bedreig gevoel deur Josef se drome en Jakob se liefde vir Josef nie? Waarskynlik, maar dit was nie rede om liefdeloos teenoor hulle broer op te tree nie!
3. In die lig van hierdie week se Haftorahskriflesing is dit gepas om selfondersoek te doen of daar nie dalk iewers 'n saad van rassisme nog in ons harte is nie. Is rassisme nie die rede vir יהוה se strafgerigte teen mense en volke nie? Is ons in Suid Afrika besig om te oes wat ons en ons voorgeslagte gesaai het? Ek weet daar is verskille oor die Skrifte se definisie van rassisme! Was Israel ooit rassisties – in die verlede en huidiglik?
4. Volgens Hebreeuse denke is die betekenis van haat om iemand minder lief te hê as wat jy jouself liefhet. Is ons almal skuldig aan die oortreding van die gebod van naasteliefde?

Kindness is the language the deaf can understand and the blind can see. No act of kindness, no matter how small is wasted – Anonymous.

Never look down on anybody, unless you're helping them up – Anonymous.

People don't care what you know until they know that you care – President Roosevelt.

You can always find someone less fortunate and giving generously is a proper response of gratitude for the grace which God has bestowed upon you – Anonymous

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah

Lering 5: Die Twee Verbonde: Deel 3.

Hersiening

Deel 2 van Lering 5: “Die Twee Verbonde” is soos volg opgesom: Dit is alleenlik deur vertrou, onverdiende guns en die Afgesonderde Gees wat ons יהוה se Torah van die nuwe verbond kan gehoorsaam. Indien ons dit uit eie krag, naamlik deur ons werke probeer doen, dan kanselleer ons יהוה se onverdiende guns en is ons terug onder die vloek van die wet! Ons is losgekoop van die werke van die wet en tot vertrou geroep dat ons in Yeshua deur die Afgesonderde Gees in alles gehoorsaam sal wees. Dit is die onverdiende guns van die nuwe verbond! Daarom sê Paulus aan die gemeente in Galasië:

Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gekruk word nie. Gal. 5:1.

Maar hy waarsku ook dat ons vryheid nie aanleiding moet gee vir die begeertes van die vlees nie (Gal. 5:13).

Ons verhouding met יהוה is nie prestasie gedrewe nie, maar wel vertrou en onverdiende guns gedrewe. Ons redding en afgesonderdheid (heiligmaking) is alles vertrou en onverdiende guns! Dit is die vertrou dat Vader-God deur Sy Afgesonderde Gees dit sal doen wat uit eie krag weens die sondige vlees, onmoontlik is.

Ons is vry van die skuldslas en die gewetenslas van ongehoorsaamheid en ons is vry van die vleeslike pogings om aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees. Daarom: Die regverdige sal vanuit vertrou lewe (Rom. 1:17) – vertrou dat יהוה weens ons liefde vir Hom en deur die Afgesonderde Gees in ons ‘n innerlike verandering sal bewerkstellig wat al die vrug van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah van die nuwe verbond sal dra!

Eers Ismael en toe Isak

Ismael was die eersgeborene in Abraham se huis, maar dit was volgens die vlees en nie volgens die belofte nie! Isak was egter volgens die belofte en daarom was hy die erfgenaam. Net so was die Torah van Moses eerste gegee voordat יהוה se onverdiende guns deur Yeshua volgens die belofte openbaar gemaak is.

16 Vanuit Sy volheid het ons almal onverdiende guns op onverdiende guns ontvang,
17 want die wet is via Moshe gegee; die onverdiende guns en die waarheid het via Yeshua, Die Gesalfde Een, bestaan. Joh. 1:16-17

Daarom moes Hagar en Ismael uit Abraham se huishouding verdryf word, sodat Isak die “eersgeborene” se plek kon inneem!

maar wat sê die Skrif? ‘Gooi die slavin en haar seun uit, want die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vry vrou erf nie. Gal. 4:30.

Daarom is ons nie kinders van die slavin – van die Torah van Moses nie, maar ons is die kinders van die vry vrou en die erfgename van die volle openbaring van יהוה se onverdiende guns en waarheid (Gal. 4:31)!

Die vleeslike het plek gemaak vir die geestelike! Die belofte van יהוה soos deur die profeet Esegïel gespreek is, naamlik: “Ek sal My Gees in julle sit en julle in my instellings laat loop...” (Eseg. 36:27), het waar geword in elkeen wat vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een!

Hagar en Ismael is ‘n sinnbeeld van die Torah van Moses en dus van die werke van die wet tot geregtigheid. Maar niemand kan deur die geskrewe wet onskuldig verklaar word nie.

Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: “Die onskuldige sal deur vertrou leef. Gal. 3:11.

Sarah en Isak is 'n sinnbeeld van die onverdiende guns in Yeshua, Die Gesalfde Een, en dus van onpartydige opregtheid sonder die geskrewe wet soos wat Paulus dit in Rom. 3:21-26 verduidelik:

21 maar nou word die onpartydige opregtheid van God openbaar sonder die geskrewe wet en die Wet en die Profete getuig daarvan.

22 Die onpartydige opregtheid, wat van God kom, is deur die vertrou van Yeshua, Die Gesalfde Een, vir elke persoon wat aanhou vertrou in Hom, want daar is geen onderskeid nie,

23 want almal van hulle het gesondig en kom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God kort

24 en hulle word, sonder koste, onskuldig verklaar deur Sy onverdiende guns en deur die verlossing wat in Die Gesalfde Een, Yeshua, is;

25 Hy, wat vroeër deur God gegee is as die Toedekking van sonde, deur die vertrou, met Sy bloed ter wille van ons sondes wat ons vroeër gepleeg het,

26 in die ruimte wat God ons gegee het deur die geduld van Sy Gees vir die demonstrasie van Sy beoordeling wat in die teenwoordige tyd is, waardeur Hy wys dat Hy die Regverdige Een is en deur onpartydige opregtheid hom wat in die vertrou van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een is, onskuldig verklaar.

Soos voorheen in hierdie studie bespreek is, is die feit dat die Torah van Moses ons nie onskuldig kan verklaar nie, nie die skuld van die wet nie. Die bedoeling van die wet was sodat die mens sy eie onvermoë tot gehoorsaamheid moet ontdek en om 'n verlange te wek na 'n Verlosser – 'n verlange na die volle openbaring van Vader-God se onverdiende guns!

יהוה se Torah is volmaak en daarom kan die onvolmaakte mens dit nie onderhou nie. יהוה se Torah is afgesonder, daarom word sonde daardeur veroordeel. יהוה se Torah is regverdig en kan daarom nie onverdiende guns aan die skuldige betoon nie, want dit sal 'n oortreding van regverdigheid en van geregtigheid wees. Daarom vereis יהוה se Torah dat die skuldige moet sterf, maar maak by wyse van onverdiende guns voorsiening dat die onskuldige in die plek van die skuldige mag sterf. Maar onthou: Sonder bloedvergiëting vind daar geen vergifnis van sonde plaas nie (Heb. 9:22). Daarom was die offerandes onder die ou verbond 'n voortdurende herinnering aan sonde (Heb. 10:1-4) en het elke Levitiese hoofpriester dag vir dag die vereiste offerandes gebring, hoewel dit nooit die sondes kon verwyder nie (Heb. 10:11).

Soos voorheen ook bespreek is, is die doel van יהוה se Torah om ons te leer wat sonde is en is dit ons gids tot die onverdiende guns in Yeshua! Daarom sê Paulus:

Ons, my broers, is egter net soos Yitz'gak, kinders van die belofte. Gal. 4:28.

Deur vertrou in Yeshua as die onverdiende guns van ons Vader en God tot redding en afsondering (heiligmaking) loop ons in die voetspore van ons vader Abraham. Dit is alles deur die Afgesonderde Gees, want die werke van die vlees is nutteloos! Deur vertrou word ons gered en deur vertrou word ons afgesonder!! Paulus som dit soos volg op in Gal. 3:9-14.

9 So word die wat vertrou, geseën saam met die vertrouende Avraham,

10 want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie."

11 Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: "Die onskuldige sal deur vertrou leef,"

12 maar die geskrewe wet was nie vanuit vertrou nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daarin lewe."

13 Die Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang"

14 sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Die Gesalfde Een, Yeshua en dat ons die belofte van die Gees deur vertrou mag ontvang.

Waarlik, onverdiende guns; onbeskryflik groot!!

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.